Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Gafieza Ismail**
Direktoraat: e-Leer
Gafieza.Ismail@westerncape.gov.za | 021 467 2592

Lêerno.: 20230613-5457
Verwysing: 24/3/1/4

e-Leer-minuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO- en AOO-koördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Onderwysers van alle openbare skole

**Onderwerp: Tweede vrystelling van die Inligting- en Kommunikasietegnologie-aanvaardingstrategie *(Information and Technology Adoption Strategy)*: 'n Aanlynleerkursus vir skoolbestuurspanne, onderwysers van alle openbare skole en onderwysamptenare wat teen individue se eie tempo voltooi word**

1. Ter ondersteuning van e-Leer se aanvaarding- en transformasie-agenda, bied die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Direktoraat: e-Leer die Inligting- en Kommunikasietegnologie- (IKT-) aanvaardingstrategie aan: 'n aanlynleerkursus vir skoolbestuurspanne (SBS'e), onderwysers van alle openbare skole en onderwysamptenare wat teen individue se eie tempo voltooi word.

2. Die IKT-aanvaardingstrategie is daarop gemik om 'n transformasionele baan vir SBS'e en onderwysers te skep, en hul deelname aan die integrasie en implementering van IKT in skole te bevorder. Die doel van hierdie ontwikkelingskursus is om deelnemers te help om tegnologieë en IKT in veelvuldige skoolomgewings te aanvaar, d.w.s. administrasie, skoolbestuur en -werksaamhede, asook die klaskameromgewing (onderrig- en leerruimtes).


wcedonline.westerncape.gov.za
Employment and salary enquiries: 0861 819 919 | Safe Schools: 0800 45 46 47
Western Cape Education Department

3. Die IKT-aanvaardingstrategie is in drie fases verdeel: **Fase 1: IKT-sigbaarheid *(ICT Visibility)***, **Fase 2: IKT-landskap *(ICT Landscape)***, en **Fase 3: Transformasie-agenda *(Transformation Agenda)***. Elke fase is verder onderverdeel in fokusareas vir die verskillende fases. Kyk na die tabel wat volg:

| Fase | Onderafdelings (Dele) |
|---|---|
| **Fase 1: IKT-sigbaarheid** | Deel 1: Algemene gebruik van IKT in die skoolomgewing<br>Deel 2: Gebruik van IKT in administrasie<br>Deel 3: Die leerder van die 21ste eeu<br>Deel 4: Integrasie van IKT in die klaskamer |
| **Fase 2: IKT-landskap** | Deel 1: Infrastruktuur en toerusting<br>Deel 2: Digitisering en digitalisering<br>Deel 3: Verstaan veranderende omgewings |
| **Fase 3: Transformasie-agenda** | Deel 1: Transformasie van onderwysers |

4. Die IKT-aanvaardingstrategie word op die WKOD se Leerbestuurstelsel aangebied. Dit is 'n **aanlynkursus van 24 uur wat teen individue se eie tempo voltooi word**; 14 uur word toegeken om deur die aanlynkursusmateriaal te werk en 'n verdere 10 uur word toegeken vir die onderwyser se individuele portefeuljeprojek (digitale portefeulje vir Aanvaarding en Transformasie *(Adoption and Transformation)*). Die kursus duur **12 weke** (twee uur per week) en begin op **18 Julie 2023**.

5. Hierdie vrystelling van die IKT-aanvaardingstrategie is 'n verbeterde weergawe. Dit sluit 'n verbeterde ontwerp in om gebruikers se ervaring te verbeter en ook 'n verbeterde koppelvlak. Skole sal in kennis gestel word van kursusherhalings en verdere vrystelings van daaropvolgende kursusse.

6. Hierdie kursus is by die WKOD se professionele ontwikkelingsbaan vir onderwysers geïntegreer en vorm die basis vir die WKOD se transformasiestrategie vir e-Leer. Dit bied 'n grondlyn vir die bevordering van IKT, waarop verdere professionele ontwikkeling gebou kan word, d.w.s. die sogenaamde ***Dovetail Essentials***.

7. Die *Dovetail Essentials* verwys na agt virtuele mikro-leersessies wat as 'n nielineêre leerbaan saamgegroepeer is. Dit vorm 'n natuurlike verlenging en voortsetting van die IKT-aanvaardingstrategie, en bied 'n meer praktiese leerervaring. Hierdie sessies is uit die lys geregistreerde kursusse as kern- grondslagbevoegdhede van IKT-integrasie geïdentifiseer.

8. Die teikendeelnemers vir die IKT-aanvaardingstrategie is:

a) SBS'e wat verantwoordelik is vir aanvaarding en integrasie van tegnologie;

b) IKT-kampvegters en IKT-koördineerders by skole;

c) onderwysers; en

d) WKOD-kurrikulumbeamptes, kringbestuurders en verwante ondersteunings- en adviesdienste.

9. Registreer vir die kursus via die landingswebblad vir die IKT-aanvaardingstrategie: https://wcedeteacher.wixsite.com/remoteeducation/ict-adoption-strategy of **registreer direk** via die volgende skakel: **https://bit.ly/m/wcedtpd**.

a) Registrasie sluit: **30 Junie 2023.**

b) Gebruik die kode **1588** indien vereis word dat u 'n ID-kode vir die kursus moet invoer.

10. Die programkoördineerder sal voor die aanvang van die kursus die tersaaklike inskrywingsbesonderhede via e-pos stuur.

11. Vir enige navrae, kontak asseblief die tersaaklike distriksadviseur vir e-Leer via die volgende skakel: https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning/elearning-contact-your-elearning-advisor.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle SBS'e, onderwysers en onderwysamptenare.

**GETKEN:** H MAHOMED

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2023-06-15